

15 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 27:15-31 (NAV)

Die dubbeltal

Die Joodse Raad het Christus skuldig bevind. Hulle kon dit nie aanvaar dat Hy sê dat Hy die Seun van God is nie. In hulle oë was dit godslastering wat die dood verdien (Lev 24:15). Hulle weet egter baie goed dat Pilatus nie so 'n klag sal aanvaar nie. Daarom word 'n denkbeeldige klag vir die verhoor voor Pilatus uitgedink: "Hy (Jesus) beweer Hy is die Messias, die koning van die Jode." Pilatus was oortuig van Jesus se onskuld. Hy het egter nie die moed van sy oortuiging gehad om Hom voor die oproerige skare vry te spreek nie. Hy probeer uit die dilemma kom deur Jesus saam met 'n berugte gevangene op 'n dubbeltal te plaas. Die volk moet kies: Moet hy Jesus loslaat, of vir Barabbas – Barabbas die misdadiger wat teregstaan op aanklag van opstand, moord en roof. Hy sou sekerlik nie vir die hoog-heilige Jode aanvaarbaar wees nie, het Pilatus gereken. Maar hy het hom misreken. Die volk, onder die vurige aanhitsing van hul leiers, kies onomwonde vir Barabbas.

Dit is ironies! Die Onskuldige word gekruisig en die skuldige gaan vry uit!

Watter wrange simboliek is dit nie! Jy het self ondervinding daarvan. Jesus het geen sonde gehad nie, maar Hy het verantwoordelikheid aanvaar vir die sondeskuld van die hele menslike geslag. Daarom is Hy wat onskuldig was veroordeel, terwyl ek en jy wat skuldig is, vry uitgaan. Deur die krom en skewe verhoor van Jesus Christus skitter die genade van 'n God wat oneindig barmhartig is!

Sing: Skrifberyming 24:4,6,7

Ds APC Duvenage (Emeritus)